

12 Mei

Skrifgedeelte: Handelinge 11:19-30

Fokusgedeelte: Handelinge 11:26

Wat ander mense oor jou sê...

Na die dood van Stefanus het gewone lidmate wat gevlug het as gevolg van die vervolging in Jerusalem, die evangelie deur die hele bekende wêreld versprei. Hoewel sommiges net met Jode gepraat het, was daar tog ook diegene wat in Antiochië die evangelie aan Grieke verkondig het. Toe 'n groot getal mense hier tot bekering kom, stuur die gemeente in Jerusalem vir Barnabas daarheen. As gevolg van die groot getal wat tot geloof gekom het, het Barnabas weer op sy beurt vir Saulus in Tarsus gaan haal. Na ongeveer tien jaar verskyn Saulus weer op die toneel. Vir 'n volle jaar het Saulus en Barnabas die gemeente in Antiochië onderrig. Dan gebeur iets besonders: Nie in Jerusalem nie, maar hier in Antiochië word die gelowiges vir die eerste keer *Christene* genoem. Dit was 'n benaming wat nie deur hulleself nie, maar deur die inwoners van Antiochië aan hulle gegee is.

Christene is mense wat in hulle lewensoptrede van elke dag as navolgers van Jesus Christus in hierdie wêreld, "*uitgeken*" kan word (Handelinge 11:26). Dit is mense wat dieselfde gesindheid en optrede wat Jesus Christus ongeveer twee duisend jaar gelede openbaar het, ook vandag prakties uitleef. Dit is baie maklik om jouself 'n Christen te noem. Die vraag is egter of ander mense wat jou daagliks sien, ook so dink. Herken ander mense jou as 'n navolger van Jesus Christus?

Sing: Skrifberyming 43:6

Ds IW Ferreira (Magol)